**Wat sê jy van die Here Jesus?**

**Joh 9:13-41**

**29 Junie 2025**

1. Vantevore: Die genesing van blindgebore man is fisiese uitbeelding van die Here Jesus as die lig vir die wêreld. Alle mense leef in donker wêreld a.g.v. sonde. Dit is wanneer hulle gewas word in die Gestuurde (bad van Siloam) dat hulle die lig sien, en dit verander hulle lewens dramaties sodat dit sigbaar is vir ander. Hierdie evangelieboodskap moet met dringendheid verkondig word.
2. Joh 9:13-41 – Verskillende reaksies op die genesing van die blindgebore man
3. Reaksie 1: Verwerp die Here Jesus as die lig vir die wêreld
    a. Uitgebeeld in optrede van die Fariseërs
    b. Fariseërs neem aanstoot omdat genesing op sabbatdag plaasgevind het (v14-15, vgl Joh 5)
    c. Twee opinies: (1) Jesus is sondaar en kom dus nie van God nie (2) Jesus genees wonderbaarlik, kan dus nie sondaar wees nie (v16)
    d. Opinie van die geneesde man: Die Here Jesus is 'n profeet (v17)
    e. Ouers bevestig hy is hulle seun, blind gebore, sê niks oor die Here Jesus nie (v18-23)
    f. Tweede ondervraging van die man: Hy weet hy was blind en sien nou (v24-25)
    g. Fariseërs is dissipels van Moses (met gebrekkige insig), die man is dissipel van Jesus wie hy oortuig is van God kom (v28-33)
    h. Fariseërs ban die man uit. Hulle verwerp die Here Jesus as die lig vir die wêreld (v34)
4. Reaksie 2: Besluitloos oor die Here Jesus as die lig vir die wêreld
    a. Uitgebeeld in optrede van die man se ouers
    b. Bewus van al die feite, maar maak geen uitspraak oor die Here Jesus nie – bang om uitgeban te word (v20-23)
    c. Om agnosties te wees het dieselfde resultaat as om Jesus te verwerp
5. Reaksie 3: Aanvaar die Here Jesus as die lig vir die wêreld
    a. Uitgebeeld in die man wat gesond geword het
    b. Genesing van blindheid was vir die man 'n werklikheid, hy het geweet dit was die Here Jesus wat dit gedoen het – dus is hy oortuig: Jesus is die lig vir die wêreld
    c. Geleidelike verdieping in die man se oortuiging:
        - Dit was die man Jesus (v10-11)
        - Die Here Jesus is 'n Profeet (v17)
        - Die Here Jesus moet van God kom (v33)
        - "Ek glo, Here" – bely die Here Jesus as die Seun van die Mens, aanbid Hom (v35-38)
6. Rede vir die Here Jesus se koms na die aarde: Om blindes te laat sien; om die wat dink hulle sien, te wys hulle is blind (v39)
7. Toepassings
    a. Wat sê jy van die Here Jesus?
        - Verwerp jy Hom as lig vir wêreld, soos die ateïste of mense van ander gelowe?
        - Is jy besluitloos oor Hom, soos die agnostici?
        - Aanvaar en aanbid jy Hom as lig vir die wêreld, soos die ware gelowiges?
    b. Soos die Fariseërs destyds as geestelike leiers die Here Jesus nie erken het nie, kan daar ook vandag kerkleiers wees wat Hom nie erken nie